# Die Kruin-o-gram

Uitgawe 2 12 Julie 2020

## Markus 10:35-45

Die eenvoudige les wat ons uit hierdie gedeelte, Markus 10:35-45" kan leer is: "wees versigtig waarvoor jy vra". Jakobus en Johannes kom met 'n versoek na Jesus toe dat wanneer Hy as Koning heers, hulle saam met Jesus wil regeer, een aan die linkerkant en een aan die regterkant van Jesus. Dus wil hulle ereplekke hê. Maar hulle verstaan hoegenaamd nie wat hierdie heerskappy behels nie. Hulle weet ook nie wat Jesus bedoel het met die beker wat Hy sal drink en die doop waarmee Hy sal doop nie. Al wat hulle weet, is dat hulle ereplekke langs Jesus wil hê, en dat hulle enigiets sal doen om dit te bereik. Sou hulle so gretig gewees het as hulle geweet het dat Jesus se heerskappy nie is om te heers nie, maar om te dien? Sy heerskappy is om te ly, om te sterf, om so die mens te dien.

Die groter kern van hierdie skrifgedeelte is egter dieper en kom in die verse wat volg, terwyl Jesus voortgaan om die duidelike aard van Sy 'anti-koninkryk' te ondersoek en uit te lê. Deur Sy heerskappy word krag getoon deur diens, grootheid word getoon in kwesbaarheid, en prestasie kom deur deernis.

Kan jy net 'n oomblik voorstel hoe die wêreld sal lyk as ons leiers so optree - om met mekaar te veg om te sien wie die behoeftes van die kwesbares die beste kan voorsien, en debatte te voer oor die beste manier om laaste te kom, sodat ander kon eerste kan wen? Dit is bloot belaglik.

Laat ons dit 'n bietjie makliker maak ... en moeiliker. Wat as ons sou leef - deur ons prestasies nie te meet nie aan rande en sente of besittings nie, maar in terme van lewens wat geraak is, of om ons "netto waarde" nie te beoordeel aan die hand van bankrekeninge nie, maar in terme van medelye?

Skielik is hierdie gedeelte, vêr van absurd, maar ongelooflik toeganklik, want een van ons kan 'n ander een dien. Van jonk tot oud, kragtig tot kwesbaar, ryk tot arm, opgelei of nie - iemand kan met vriendelikheid optree, ander eerste stel en probeer om medelye met diegene rondom hulle uit te oefen. Miskien hoef ons leiers nie die voorbeeld te stel om die wêreld te verander nie. Miskien is dit iets wat ons in ons huise, skole, werkplekke en vrywilligerswerk kan doen en waak, soos ons deel van die koninkryk is.

**Vra daagliks dat ons Here ons oë sal gee om die nood van ander raak te sien en die hart te gee om met vasberadenheid ander te help.**

**Verwelkoming**
Gebruik gerus hierdie tyd om jouself geestelik te fokus en te nader tot God.

**Afkondigings**
Belangrike inligting word gedeel.

**Getuienis & Sorg**
Ruimte word geskep waar ons in mekaar se blydskap en leed kan deel.

**Votum & Seëngroet**
'n Uitroep oor die karakter en identiteit van die Here wat ons dien.
- Romeine 11:36 -

**Loflied**
- Lofsing die Here (LB 184) -

**Seën**
- 2 Tessalonisense 1:11 -

**Kinderfase**
Kinders word uitgenooi om ook deel te vorm van die Erediens.

**Skriflesing en Oordenking**
- Markus 10:35-45 -

**Wet**
- Miga 6:6-9a -
**Skuldbelydenis**
- Stilgebed -
**Vryspraak**
- Jakobus 5:16 -

**Geloofsbelydenis**
- Apostoliese Geloofsbelydenis -

**Seën en Amen**
Ons word gegroet met 'n seënbede waarop ons antwoord met 'n amen.
- Die Here salf ons (LB 440) -

# Delf dieper

## Aan die kant van Jesus

**#Bybelvasvra:**

Hoekom sou jy sê dat Markus bekend staan as die evangelie van die bul?

Hierdie gedeelte tot die Kruin-o-gram is spesifiek gemik op die jongmense, die tieners in ons gemeente. Hier daag ons, ons tieners uit om op drie vlakke te groei in hul geloof - 1) vir mekaar, 2) na God, 3) en na mense daar buite. Die doel van *Delf dieper* is dat ouers en tieners saam kan praat oor die Skriflesing aan die hand van die boonste oordenking, sodat die hele gesin tot 'n nuwe verstaan kan kom van die Bybel. Wanneer die gesin dus weer bymekaar kom, vra die volgende vrae vir mekaar en sien hoe die Gees van God in jou gesin beweeg.

### 1) Na mekaar:

1. Watter musiek luister jy graag na?
2. Is daar enige Christelike musiek waarna jy luister?

### 2) Na God:

1. Lees Markus 10:35-45.
    a. Wat val jou op? Wat in die gedeelte raak jou hart?
    b. Watter vrae maak hierdie gedeelte in jou wakker?
2. As ons die kant van Jesus is, wat verwag hierdie gedeelte moet ons doen?

### 3) Na mense:

1. Toon jy jou geloof?
2. Doen: Wys jou geloof hierdie week by die skool, op enige manier wat jy dink goed sal wees.

# Om te dien

## Markus 10:35-45

Lees hierdie week se gedeelte uit die Bybel of vra mamma en pappa om jou daarmee te help as jy bietjie sukkel.

Kom ons kyk veral na vers 42-45 waar Jesus die volgende sê:

*"42 Jesus roep hulle almal nader en sê: "Julle weet mos hoe dit onder die ander mense gaan. Hulle leiers sê wat hulle moet doen, en wat nie. Belangrike mense heers oor hulle. 43-44 Onder julle as Christene mag dit nie gebeur nie. As iemand onder julle belangrik wil wees, moet hy bereid wees om alles te doen wat die ander van hom vra. Hy moet die heeltyd reg staan om die ander te dien, of dit hom pas of nie. 45 Kyk na My. Ek, die Seun van die mens, het nie gekom sodat almal My moet bedien nie. Ek het gekom om ander te dien. Ek kom gee my lewe sodat mense God se kinders kan wees."*

*(dieBybel@dogters: Die ou en nuwe Testament in 'n taal wat kinders verstaan)*

Kom ons kyk nou wat dit beteken "om te dien" of om 'n "dienaar" te wees:

Wanneer ons die woord "dien" in 'n woordeboek gaan opsoek, kry ons onder andere die volgende betekenis: " verrig pligte of dienste vir 'n ander persoon of 'n organisasie". Met ander woorde is dit om te werk vir iemand of vir 'n plek. Vir ons beteken dit om byvoorbeeld te werk vir die kerk of om plekke, soos die CMR, te ondersteun of om ander mense te help. Hoe kan jy diensbaar wees? Voltooi die volgende aktiwiteit om idees te kry:

Kleur die prentjies in en pas dit by die regte beskrywing deur dit met 'n lyn te verbind.



Deel jou kos met 'n honger

Help mamma of pappa in






Help ouer mense met hul

Sorg vir mense wat






Help 'n maatjie wat

Skenk kos en klere aan



## Verjaarsdae

| | |
|---|---|
| **Sondag 12 Julie** | |
| Mina de Beer | 012 804 3644 |
| Lize Kok | 012 804 7620 |
| Anja Morton | 072 231 6342 |
| Teresa Nel | 012 734 4667 |
| | |
| **Dinsdag 14 Julie** | |
| Roelien Botha | 082 827 9235 |
| Tia de Jager | 082 817 3154 |
| Annekie Oosthuizen | 012 803 3938 |
| | |
| **Woensdag 15 Julie** | |
| Christiaan Ackermann | 083 255 3748 |
| Engela van den Heever | 012 800 3543 |
| | |
| **Donderdag 16 Julie** | |
| Louw du Plessis | |
| Corne Schoeman | 083 452 5982 |
| | |
| **Vrydag 17 Julie** | |
| Susan Badenhorst | 012 804 1814 |
| De Waal Visser | 012 804 2690 |
| | |
| **Saterdag 18 Julie** | |
| Eunice Grove | 012 804 3598 |
| Michael Hanson | 012 803 9664 |
| Mariette le Roux | 071 017 0917 |
| | |

**Beste wense vir 'n gelukkige Nuwe lewensjaar !!**

## Gebedslys

**KANKER**

Charles Du Plessis - Neeltjie Barnard - Ria Potgieter
Ina Shakelton - Ester Boshoff - Wilma Swanepoel
Maxie Laubcher - Karen Botha - Frans Stone
Johnny Redelinghuys - Terry Schoeman - Minie Erasmus
Elleny Engelbrecht - Mina Van Jaarsveld
Flip Roodt – Tarien Jooste - Bets Greyling
Marquesta Pienaar

**GESONDHEID**

Kathy Belelie - Koos Barkhuizen - Tienie Wessels
Sarie Vermaak - Pop Swart - Delport Gesin - Johan Voster
Salty Du Rand - Lettie Botes - Charmaine Brouwer

**OPERASIES**

Elsa Coetzee - Denise Lombaard - Teresa Meintjies
Antoinette Grundling - Marie Cornelius - Tienie van Tonder
Antonie du Toit

**AFSTERWE**

Rikus Blom se pa - Frans van der Merwe se suster

**SWANGERSKAPPE**

Lize En Alexis Kok - Talita En Francois Moller

**Iets is oppad**

**weet jy wat dit is?**

***WOENSDAG - 15 JULIE***



## Hoe om Zapper te gebruik

1. Scan die QR-kode
2. Sit in bedrag
3. Kliek op betaal

Let wel dit werk met jou persoonlike bank (FNB, ABSA, Nedbank ens.) se toepassing ook.

**Bankbesonderhede:**
N.G. Silvertonkruin
ABSA - 632005
Tjek rekening: 70580888

zapper™

**Webtuiste:**
silvertonkruins.co.za

**Facebook:**
@Silvertonkruin

**Instagram:**
@Kruinjeug_ng

**Youtube:**
www.youtube.com/c/Silvertonkruin

**Kerkkantoor:**

Telefoon: 012 804 3577
Faks: 086 545 7151
e-posadres:

admin@silvertonkruins.co.za

**Kerkkantoor ure:**
Maandae - Vrydae 09:00 - 13:00